DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

6 Augustus 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 43: 2, 3	Sing vooraf	Sb. 7-2: 1, 2 (69)
Sing	Ps. 48: 1, 4	Sing	Ps. 68: 9, 13
	Ps. 19: 6, 7		Sb. 8-1: 1, 2 (14)
	Ps. 63: 2, 4		Sb. 18-6: 2 - 5 (57)
	Ps. 62: 1, 4		
Skriflesing	Filippense 4: 2 - 20	Skriflesing	Johannes 17: 1 - 26 1 Johannes 2: 1 - 6 HK Sondag 18 Vraag 49
Teks	Filippense 4: 6 - 7	Teks	1 Johannes 2: 1 Johannes 17: 15 - 17, 24
Tema	**Hoe gemaak met jou bekommernisse?**	Tema	**Die nut van Christus se hemelvaart vir sy verlostes**
Katkisasie-opening: Psalm 8: 1, 4 en 7			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Aanvaar

- Ds N Pienaar (Nikolaas) van Pretoria-Wes na Oos-Londen

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Lidmate word herinner om asseblief so gou as moontlik 'n nuwe lidmaatinligting vorm te voltooi en by die kerkkantoor in te handig of per e-pos te stuur na gkbellville@mwebbiz.co.za Kopieë is beskikbaar by die deure, in die konsistorie en in die kerkkantoor. Baie dankie aan almal wat reeds so vinnig reageer het – u samewerking word waardeer!

Lidmate wat altyd die preke vooraf per e-pos ontvang het, moet asseblief ook per e-pos bevestig indien hulle wil voortgaan daarmee.

BAIE DANKIE

Ons wil baie, baie dankie sê vir elke besoek, oproep, boodskap en kos wat ons ontvang het terwyl die tweeling siek was. Ons het voorwaar die krag van gebed beleef in hierdie tyd. Ons is baie dankbaar om deel van hierdie wonderlike gemeente te wees!

Lawrence, Mariette, Marnus en Leon Lombard

BASAAR

- Indien daar gemeente-lede is wat 'n onderneming besit en belangstel om produkte by hul eie stalletjie te verkoop, kontak asseblief vir sr. Jana de Bruyn (072 279 5867)
- Die teetuin benodig 'n addisionele koördineerder. Indien jy graag saam die beplanning wil doen, kontak asseblief sr. Jacqueline Meijering (071 816 4588)

Basaar Koördineerders

Sameroeper	Jana de Bruyn	072 279 5867
Boeke	Ben Groot	083 287 0909
Boereworsrolle	Cobus du Plessis	084 856 7717
Groente & Vrugte	Gert Mulder	083 625 8832
Handwerk/Vintage/Speelgoed	Tillie Wüst	084 503 5552
Kerrie & Rys	Kobie Coetzer	084 602 3439
Koek & Gebak	Rea Costerus	073 218 7973
Koeldrank	Pieter van Niekerk	082 923 1377
Konfyt	Marie Mulder	082 784 8250
Lekkergoed	Liana van der Walt	082 851 6767
Middag-ete	Llen Labuschagne	078 596 8019
Pannekoek	Lydia Uys	083 309 2690
Plante	Lizette Opperman	082 580 4481
Poeding	Marietjie Kruger	082 821 6729
Teetuin	Jacqueline Meijering	071 816 4588
Wit olifant	Piet Reynecke	072 218 9988
2de Handse Klere	*vakant*	
Bybelverspreiding	Debbie Joubert	082 451 1076
Finansies / Sustersbestuur	Willina Cilliers	082 738 1809

Kontak gerus die koördineerder vir navrae of indien jy betrokke wil raak by 'n stalletjie. Daar sal binnekort plakkate in die teedrinklokaal aangebring word.

Donasies vir die basaar kan in die konsistorie geplaas word. Geldelike donasies kan u in 'n koevert in die Kassiere-kissie plaas of per EFT na die kerk se bankrekening met die verwysing *Basaar.* Baie dankie!

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 9:32 e.v. / Aand: Handelinge 10:1 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

DIE GEELBLADSYE

Die Geelbladsye is ons gemeente se advertensie blad wat een keer per kwartaal (met nagmaal) uitgegee word. Nuwe advertensies of veranderinge aan bestaande advertensies moet asseblief voor **Dinsdag, 22 Augustus om 09h00** gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za

DORKAS – Wie is ons?

"In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help." *Hand 9:36*
Die Dorkas-susters verrig 'n diens in die gemeente deur besoeke te bring aan ons senior lidmate. Die doel is om die Woord aan hulle te bedien, sommer net lekker te kuier en gesels en ook om te help indien daar enige behoeftes mag ontstaan. Daar is ongelukkig op die oomblik 'n paar lidmate wat nie besoek ontvang nie weens 'n tekort aan helpers. Ons wil u aanspoor om dit ernstig te oorweeg om by ons aan te sluit – u kan kies of u slegs een persoon wil besoek of meer, en ons probeer om u te plaas by iemand wat in u omgewing woon. Dit is 'n voorreg om hierdie dienswerk te kan doen en vir beide partye is dit 'n besonderse verrykende ervaring! Kontak gerus vir sr. Lizette Opperman (082 580 4481).

GELUKWENSING

Br. Herman (082 786 3489) en sr. Jorita Boneschans (082 565 9770) het Woensdag 'n verbondsdogtertjie van die Here ontvang. Baie geluk ook aan die grootouers ds. Dick en sr. Rita Steyn (022 451 2129). Ons dank die Here vir hierdie groot genade.

HUISBESOEK

Wyk **Oak Glen** (oudl. Jacobus Venter) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. Paul Silvis (083 321 1994) wat baie verswak het, asook sy familie wat hom met soveel liefde versorg
- Br. Ben Vorster (082 380 4893) wat in die hospitaal was vir behandeling

Sr. Magda Mostert (021 982 0382) se skoonsuster (sr. Lula van Wyk van Paarl-gemeente) is oorlede in die hoë ouderdom van 97 jaar. Mag die Here haar en br. Mossie Mostert ryklik vertroos.

REFORMASIE 500 KONFERENSIE

Ons gemeente bied in samewerking met Bellville-Oos gemeente en die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad op **Donderdag, 10 Augustus om 19h00** 'n Reformasie 500 Konferensie aan. Dit vind plaas in die kerkgebou van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad (hv Stellenbergweg en Frans Conradierylaan, Bellville).
Onderwerpe en sprekers by die geleentheid is:

- Deur die geloof alleen – dr. Victor d'Assonville (die agtergrond van die 95 stellings)
- Die Woord sentraal – dr. Gerard Meijer (prediking)
- Vry om te dien – dr. Erik van Alten (armoede/diakonie)

4. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: Wyke **Oak Glen** (Nicolette Costerus), Welgemoed (Marie de Haan) en Table View (vakant)
Volgende Sondag: Wyke **Oude Westhof** (Tillie Wüst) en Blouberg (Nicolette van der Walt)

VERKIESING: SUSTERSBESTUUR 2018

Op **Woensdag, 30 Augustus** om 19h00 word die bestuur vir 2018 verkies. Nominasievorms is op die kennisgewingbord in die teedrinklokaal beskikbaar. Susters word vriendelik versoek om asseblief betyds persone te nomineer.

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Martin van der Walt, Paul Swart, Lawrence Lombard, **Marten Daling**
Volgende week: Brs. Ferdinand Hoffman, Jeanré Taljaard, Eduard Roos, Piet Reynecke

Ouderlinge
Vandag: Brs. Daan Joubert, Ben Groot, Freddie Scheepers, Willie Buys
Volgende week: Brs. Gert Swanepoel, Ben van der Walt, Mark Lyons, Llen Labuschagne

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Niël van Hoving, Jaco Coetsee
Volgende week: Brs. Jacobus Venter, Riaan Janse van Rensburg

Diensbeurte by Vrye Gereformeerde Kerk (ouderling)
Vandag: Br. Harm du Plessis
Volgende week: Br. Piet Aucamp

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Augustus: 07/08 Oak Glen, 14/08 Goedemoed, 28/08 Christmar
September: 04/09 Langeberg Ridge, 18/09 Brackenfell
Oktober: 09/10 Table View, 16/10 Kuilsrivier, 30/10 Gordonsbaai

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Huis Boland	Skiereiland vir Christus
By die deure:	Pro Eclesia Studiefonds	Christelike Onderwys

VAN DIE DIAKONIE

Graag wil die diakonie dit onder die gemeente se aandag bring dat die gevalle binne die gemeente waar versorging benodig word oor die afgelope paar maande wesenlik toegeneem het. Addisioneel tot die versorging binne die gemeente, wil die diakonie ook steeds voortgaan met die maandelikse skenkings aan die kinderhuise in kerkverband. Dus wil ons graag lidmate aanspoor tot daadwerklike samelewing in die vorm van bydraes aan die diakonale kas, ten einde die diakonie in staat te stel om sy opdragte na wense te kan uitvoer. Verwante bydraes moet asseblief spesifiek vir die diakonie gemerk word. Vir verdere navrae kontak gerus br. Cobus du Plessis (084 568 7717) of br. Reinard Visser (072 627 3841).

VERGADERINGS

Skiereiland vir Christus
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkgebou

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za